

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 51: Nitzavim – Wanneer Jy Staan

Hou dus die woorde van hierdie verbond om dit te doen sodat julle voorspoedig kan wees in alles wat julle doen. Julle staan vandag, almal van julle, voor die Teenwoordigheid van יהוה, julle God: julle hoofde, julle stamme, julle oudstes en julle ampsdraers, al die manne van Yisra'el. Deut. 29:9 en 10¹

Torah: Deut. 29:9 tot 30:20

Haftorah: Jes. 61:10 tot 63:9

Nuwe Verbond: Luk. 24:1 tot 12; Hebr. 8:7 tot 12; Rom. 1:18 tot 25; Rom. 2:28 en 29; Kol. 2:11; Rom. 10:6 tot 8; Joh. 10:1 tot 5; Open. 22:18 tot 20; Open. 3:5.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 51 wat afgelaai kan word by: [Parashah51Notas14](#) en [Parashah51Notas15](#) en [Parashah51notas16](#).

Temptations, when we meet them at first, are as the lion that reared upon Samson; but if we overcome them, the next time we see them we shall find a nest of honey within them – John Bunyan.

In his book 'Radical', David Platt hit the nail on the head when he wrote, "Radical obedience to Yeshua is not easy. ... It's not comfort, not health, not wealth, and not prosperity in this world. Radical obedience to Yeshua risks losing all these things. But in the end, such risk finds its reward in Yeshua. And He is more than enough for us." Rev. 4:10-11 clarifies that we were created to give God pleasure, not the other way around!

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

They gave our Master a crown of thorns. Why do we hope for a crown of roses? – Martin Luther

Cheap grace is the grace we bestow on ourselves. Cheap grace is the preaching of forgiveness without requiring repentance – Dietrich Bonhoeffer.

Torah Bespreking

Hersiening

Die kern van verelede week se Torahskriflesing het gehandel oor die keuse wat elke mens het, naamlik: Gaan ek met 'n liefdevolle en dankbare hart gehoorsaam wees aan YHVH se Vaderlike onderrig, Sy Torah, of gaan ek myself regverdig en volgens my eie geestelike en morele standaard leef?

Die vraag was dus: Begeer jy en ek om terug te keer tot Torah-gehoorsaamheid as 'n dissipel van Yeshua wat deur Sy folterdood vergifnis vir ons oortredinge van die Torah van Moses bewerkstellig het en die Middelaar geword het van 'n beter verbond wat op beter beloftes gegrond is:

¹Die hoofpunt van dít alles: ons hét so 'n nie-Levitiese hoofpriester wat sit op die regterkant van die troon van HaG'dulah (die Grootheid) in die hemel. ²Hy, en nie 'n mens nie, is die Bedienaar van die Huis van Afgesonderdheid en van die ware Tabernakel (tentwoning), wat God opgeslaan het. ³Elke hoofpriester word aangestel om geskenke en offers te bring; daarom moes Hy ook iets vir Homself hê om te offer, ⁴want as Hy op aarde was, sou Hyself geen priester wees nie omdat daar priesters is wat die offerandes volgens die wet offer, ⁵hulle wat 'n voorbeeld en skaduwee van die hemelse bedien, net soos aan Moshe gesê is toe hy die Tabernakel (tentwoning) gemaak het: "Let op dat jy alles maak volgens die bloudrukplan wat op die berg aan jou verskyn het," ⁶maar nou het Yeshua, Die Gesalfde Een 'n beter bediening ontvang as daardie, net soos wat die verbond ook beter is, waarvan Hy Tussenganger gemaak is, met beter beloftes as wat gegee is. Heb. 8:6.

Staan Vandag

Wanneer ons die name van hierdie, en die vorige twee Torahskriflesing bymekaar voeg, kry ons die volgende prentjie: "Wanneer jy uitgaan (*Ki Tetze*), naamlik uit die wildernis, en jy ingaan (*Ki Tavo*), naamlik in die land Kanaän, dan moet jy staan (*Nitzavim*), naamlik vashou aan die Torah van Moses sodat jy staande kan bly en in alles voorspoedig kan wees".

Ons optrede moet dus te alle tye sodanig wees dat ons voortdurend met vrymoedigheid in ons Vader se Teenwoordigheid kan staan en ook voortdurend staande kan bly in ons wildernistog in hierdie wêreld.

Daarom kan ons die openingvers van hierdie week se Torahskriflesing ook soos volg op ons van toepassing maak: Onderhou (*sh'mar* – luister met die doel om daarvolgens te reageer) dan die woorde (*dabar* – Yeshua is die Woord) van hierdie verbond (van die Torah van die nuwe verbond) en volbring dit (*asah* – handel nougeset daarvolgens), sodat julle voorspoedig (*sakal* – met wysheid en insig) kan uitvoer alles wat julle doen.

Deur vertrouwe in Yeshua as Die Gesalfde van YHVH, tesame met getrouheid aan die Torah van die nuwe verbond, het ons die vrymoedigheid om in YHVH, ons God en Vader, se Teenwoordigheid te staan! Dan sal ons geseën word, naamlik voorspoedig wees in alles wat

ons doen, en sal ons staande bly in die einde van dae wat op hande is, en waarvan ons reeds die begin beleef! Daarom word ons herinner en bemoedig deur Paulus se woorde:

*15*Wees daarom standvastig, my broers en hou vas aan die opdragte wat julle geleer het òf in die Boodskap òf in 'n brief van ons. *16*Mag ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een en God-ons-Vader, wat ons lief het en vir ons 'n ewige troos en versterking en 'n goeie versekerde verwagting in onverdiende guns gegee het, *17*julle verstand wil en emosie versterk en vertroos en mag Hy in elke woord en goeie daad wees! 2 Thess. 2:15 tot 17.

Paulus vermaan ons ook soos volg in sy brief aan die Galasiërs:

*10*Wees daarom, my broers, versterk in ons Meester en in die grootheid van Sy krag. *11*Trek al die wapenrusting van God aan sodat julle in staat is om staande te kan bly teen die strategieë van die teëstander, *12*want julle geveg is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die heersers, teen die outoriteite, teen die heersers van hierdie wêreld van duisternis en teen bose geeste onder die hemel. Gal. 6:10 en 11.

Wêreldgebeure op alle fronte skilder 'n baie somber prentjie. Dit wek vrees en onsekerheid en laat die mens feitlik magteloos. Hierdie is egter harde feite wat die kwesbaarheid van die mensdom en die wêreld bevestig en is ook bevestiging dat komende chaos 'n werklikheid is.

Yeshua Messias het meer as 2000 jaar gelede gewaarsku dat so 'n tyd sal kom.

*25*Daar sal tekens wees aan die son, aan die maan en aan die sterre en op die aarde: die lyding van nasies en die saamgryp van hande oor die harde dreuning van die see *26*en 'n aardbewing wat mense se gees van angs sal uitdryf oor wat oor die aarde gaan kom en die leërmagte van die hemel sal geskud word. Luk. 21:25 en 26,

Hierdie, asook Matt. 24:1 tot 14, is 'n raak beskrywing van die huidige situasie waarin die mensdom hom vandag bevind. Dit is waarlik soos in die dae van Noag!

*5*יהוה het gesien dat die boosheid van die mens groot was op die aarde en dat elke vorming van 'n gedagte in sy gedagtes en wil, altyd deur boos was *6*en יהוה was spyt dat Hy die mens op die aarde gemaak het en daar was pyn in Sy binneste. *7*יהוה sê: "Ek sal die mens wat Ek geskep het van die aarde af vernietig, die mens sowel as die diere, die reptiele en die voëls van die hemel; Ek is spyt dat Ek hulle gemaak het." *8*Noag het egter guns gevind in die oë van יהוה. Gen. 6:5 tot 8.

Yeshua het egter gesê: *En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is* (Luk.21:28). Alle tekens dui dus daarop dat die wederkoms van Yeshua naby is. Indien wêreldgebeure saam met ander profesieë van die Afgesonderde Skrifte aangaande die eindtye gesien word, is dit feitlik 'n uitgemaakte saak dat ons die geslag is wat Yeshua se wederkoms sal sien!

Daar is egter dié wat ten spyte van hierdie dreigende chaos steeds voortgaan asof Yeshua se wederkoms en YHVH se oordeel nooit sal kom nie. Hulle is as te ware spotters van YHVH omrede hulle sy waarskuwing verontagsaam. Petrus herinner ons daaraan dat daar sulke mense sal wees toe hy gesê het:

*3*Soos julle reeds weet, sal daar in die laaste dae spotters kom wat spot terwyl hulle volgens hulle eie begeertes leef *4*en sê: "Waar is die belofte van Sy koms, want vandat die vaders dood is, bly alles net soos dit was van die begin van die skepping af." *5*Hulle is opsetlik onkundig dat daar lank terug al hemele was en land wat vanuit water en tussen water

ontstaan het deur die Boodskap van God, ⁶waardeur die wêreld van daardie tyd met water oorstrom en vernietig is, ⁷maar die huidige hemele en die aarde is deur dieselfde boodskap bewaar² en opsy gesit vir die vuur op die dag van oordeel en die vernietiging van bose mense. 2 Pet. 3:3 tot 7.

Sal jy en ek ook soos Noag guns vind in YHVH se oë? Sal jy en ek in Vader se Teenwoordig kan staan en in die einde van dae staande kan bly?

Maar wees verseker: Ons vertrou en getrouheid gaan op elke gebied getoets word!! Gaan ons die toets slaag? Maar onthou die belofte in Ps. 34:10 en 11.

¹⁰Die jong leeus ly gebrek en het honger, maar dié wat יהוה soek, sal nie gebrek hê aan enige goeie ding nie. ¹¹Kom, julle seuns, luister na my; ek sal vir julle die respekvolle vrees van יהוה leer.

Bepins of Bespreek.

1. Is jy gereed vir die vuurtoets van YHVH? Het jy jousef al beproef voor Vader gestel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, maar wat die Woord suiwer verkondig en leef (2 Tim. 2:15)? Indien nie is dit tyd dat jy jousef inoefen om 'n vreeslose vegter vir die waarheid en die onvervalste Woord van YHVH te word! 'n Soldaat wat te midde van al die aanvalle sal oorwin en staande bly op grond van die Waarheid!
2. Die beginsel van wysheid is die vrees van YHVH (Spr. 9:10). Die wat Hom vrees het geen gebrek nie en sal YHVH se goedheid ondervind. Die ware betekenis van die vrees (respekvolle eerbied) van YHVH het verlore geraak in 'n selfisme-gedrewe godsdiens van eie geregtigheid!

Die Geheimenisse Van YHVH

Die geheime dinge behoort aan יהוה, ons God, maar die geopenbaarde dinge behoort aan ons en ons seuns tot in ewigheid, dat ons al die woorde van hierdie wet moet hou. Deut. 29:29.

Daar is sekere geheimenisse wat Vader-God nie aan ons openbaar nie. Daarom moet ons besef en aanvaar dat ons net ten dele ken, maar eendag sal ons ten volle ken, net soos ons ten volle geken is (1 Kor. 13:12). Dit moet ons egter nie verhinder om sonder ophou te probeer om die geheimenisse van YHVH te ontdek en te probeer verstaan nie, want ons weet nie altyd watter is dié wat ons nie nou sal verstaan nie en watter slegs in die toekoms wel openbaar sal word!

Maar ons moet verstaan dat YHVH se geheimenisse in beide die ou verbond en die nuwe verbond te vinde is. Ons moet die geheel prentjie sien, naamlik dat Genesis en Openbaring mekaar weer teen die einde 'ontmoet'. Dit is 'n geval van: *Eden lost; Eden restored!*

Rabbynse Judaïsme kan nie hierdie geheelprentjie sien nie, want hulle verwerp Yeshua as Messias, asook die Skrifte van die nuwe verbond. Daarom probeer hulle om alle Skrifverklarings en profesieë binne die raamwerk van die Skrifte van die ou verbond in te pas! Rabbynse Judaïsme sien nie die volle waarheid van YHVH se plan van herstel nie!

Hierdie hou groot gevaar in vir mense wat so vasgevang en bekoor word deur Rabbynse Judaïsme se fokus op die Skrifte van die ou verbond, en veral op die Torah van Moses, dat hulle die Skrifte van die nuwe verbond begin 'verwaarloos' en uiteindelik selfs bevraagteken! Hierdie is 'n duidelike teken van die eerste tree om te Judaïseer en om Yeshua uiteindelik te verloën.

Sommige sal ten volle Judaïseer en Yeshua verwerp (verloën), terwyl ander die Karakter en Outoriteit van Yeshua volgens hulle eie geloofsoortuiging sal ‘aanpas’ en sodoende ’n ander Yeshua verkondig as die Skrifte van die nuwe verbond. Daarom moet ons luister na die waarskuwing van Paulus toe hy geskryf het:

¹Ek wens julle wil my net 'n kort rukkie verdra terwyl ek in dwaasheid praat! Verdra my tog maar, ²want ek is jaloers oor julle met God se jaloesie, want ek het julle afgegee om te trou met Een Man; om julle as 'n rein maagd aan Die Gesalfde Een voor te stel, ³maar ek is bang dat, net soos die slang vir Havah¹ deur sy listigheid mislei het, julle denke net so korrup gemaak is, weg van die eenvoudigheid wat by Die Gesalfde Een is, ⁴want as iemand kom en 'n ander Yeshua verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander goeie boodskap as wat julle ontvang het, kan julle maklik oortuig word. 2 Kor. 11:1 tot 4.

Ons moet onself voortdurend daaraan herinner dat Rabbynse Judaïsme nie YHVH se geregtigheid ken nie! Soos Paulus dit in sy brief aan die Romeine duidelik stel:

¹My broers, die begeerte van my verstand, wil en emosie en my intrede voor God vir hulle, is vir hulle onthalwe dat hulle gered mag word, ²want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God in hulle het, maar nie in kennis nie ³omdat hulle die onpartydige opregtheid van God nie ken nie, maar hulle eie onpartydige opregtheid probeer oprig; daarom het hulle die onpartydige opregtheid van God nie gehoorsaam nie, Rom. 10:1 tot 3.

Ons moet ons ook voortdurend herinner aan die woorde van Yeshua toe hy gesê het:

maar soek eerste die Koninkryk van God en Sy onpartydige opregtheid en al hierdie dinge sal ook vir julle bygesit word. Matt. 6:33.

Yeshua is YHVH-God se geregtigheid.

want Hy wat geen sonde geken het nie, het Homself in jou plek 'n sondoffer gemaak sodat ons deur Hom, die onpartydige opregtheid van God kan word. 2 Kor. 5:21.

Rabbynse Judaïsme soek nie YHVH se geregtigheid nie, maar wel hul eie geregtigheid. Daarom ken hulle slegs 'n gedeelte van die openbaarde dinge (van die geheimenisse) van God.

Ons moet besef dat Rabbynse Judaïsme is **nie** die Weg na die Waarheid wat Lewe gee nie (Joh. 14:6), maar dit is die weg na die leuen wat tot geestelike dood kan lei!

*In every generation the number of the righteous is small. Be sure you are among them – A.
W. Tozer*

My Vraag!

Ek vra vandag aan elkeen die vraag wat ek myself dikwels vra, naamlik: Wat moet ons almal wat uit die misleiding van die Christendom kom se ‘missieverklaring’ wees? My antwoord behels die volgende: Ons moet studentevolgelinge (dissipels en priesters) van Yeshua ons Meester wees wat in die voetspore van die gemeente van Handeling en die Apostels stap!

Hierdie is nie 'n geheimenis nie, maar die opdrag van ons Meester om Sy bediening hier op aarde voort te sit.

Maar die Messiaanse Beweging se visie (doelwit) het egter weg beweeg van dit wat die Skrifte van die Nuwe Verbond ons leer en van dit wat deur die gemeente van Handeling begin was en deur die Apostels verkondig was! Die terugkeer na ons Hebreeuse wortels het egter die meerderheid so verblind dat hulle die verkondiging en uitleef van die Blye Boodskap van Yeshua as die enigste versoening met YHVH as minder belangrik beskou. Die meerderheid het studentevolginge van Rabbynse Judaïsme en die Torah van Moses geword en sodoende hulle roeping as dissipels van Yeshua vergeet, of is dit eerder 'n geval van verloën?!

Waar is die balans tussen dit wat ons in die Christendom agtergelaat het en dit wat die huis van Juda vaskleef. Ek het al dikwels die volgende vraag gevra: Hoekom is daar weinig bedieninge wat die organisasie struktuur van die gemeente van YHVH soos dit in die Nuwe Verbond vir ons gegee word verkondig en implementeer? Hoe dikwels hoor jy en ek uit die geleedere van die Messiaanse Beweging leringe oor die gawes van die Afgesonderde Gees en die vyfvoud bediening van afgevaardigdes, profete, evangeliste, herders en leraars?

Hoekom het die fokus van hierdie kernwaarhede van die Nuwe Verbond feitlik in die niet verdwyn? Ons moet dit wat die Christendom ons geleer het nie totaal verwerp inruil vir Rabbynse Judaïsme nie! Nee, dit kan ons beslis nie bekostig nie, want dan het ons slegs die misleiding van die Christendom verruil vir die misleiding van Rabbynse Judaïsme.

Daarom glo ek dat die oproep in Open. 18:4 en 5 nie net op die Christendom van toepassing is nie, maar ook op diegene wat vasgevang is in die Messiaanse Beweging en Rabbynse Judaïsme, naamlik: *Gaan uit haar uit my volk.....!!*

Ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: "Gaan uit haar uit, My volk sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plaë ontvang nie, want die sondes in haar het opgestapel tot by die hemel en God het haar boosheid in herinnering geroep.

En dan ook die volgende vraag: Wanneer laas het jy met erns die Skrifte van die Nuwe Verbond, veral die Handeling van die Afgesonderde Apostels, bestudeer? Wie in die hedendaagse Messiaanse Beweging het 'n soortgelyke getuienis as die van Petrus of Stefanus of Paulus of Johannes? Ek weet nie van een nie!! Daarom sê ek dikwels vir myself: Ons misluk om ware volgelingen van Yeshua te wees, want ons is nog nie op die punt wat ondermeer in Hand. 2:42 tot 44 beskryf word nie:

*Hulle het aangehou in die leer van die afgevaardigdes en is deelgenote gemaak in gebed en in die breking van die brood, as Liggaam. **Vrees en respek het op elkeen gekom en baie tekens en wonderwerke het deur die hand van die afgevaardigdes gebeur in Yerushalayim.** Almal wat vertrou het, was soos een en het alles gemeenskaplik besit en die wat besittings gehad het, het dit verkoop en onder almal verdeel, volgens wat nodig was.*

Leonard Ravenhill het die lewe van Stefanus soos volg beskryf:

Everyone recognizes that Stephen was Spirit-filled when he was performing wonders. Yet, he was just as Spirit-filled when he was being stoned to death.

Stefanus het YHVH Yeshua meer lief gehad as Sy eie lewe! Kan jy en ek dieselfde sê? Of het liefde vir die Torah die plek van Yeshua ingeneem? Het intellektuele kennis van Torah ons god geword? Ons kan onself slegs as ware en suksesvolle Gees-ge vulde volgelingen van Yeshua beskou wanneer ons 'n getuienis soortgelyk soos Petrus het toe die kreupel-gebore man genees was:

Shim'on sê vir hom: "Silwer en goud het ek nie, maar wat ek het, dit gee ek vir jou: in die Outoriteit en Karakter van Yeshua, Die Gesalfde Een, van Natzeret, staan op en loop!" Hy het sy regterhand gevat en hom opgetrek en onmiddellik is sy bene en voete genees. Hy het opgespring, gestaan, rondgeloop en saam met hulle in die tempel ingegaan terwyl hy rondloop, spring en God prys.

Geliefdes, Rabbynse Judaïsme gaan nie van ons sulke volgelinge van Yeshua maak nie! Die Torah van Moses gaan nie van ons volgelinge van Yeshua maak waar vrees en respek oor elkeen kom met wie ons in aanraking kom en waar tekens en wonders deur ons gaan plaasvind nie! Nee, hierdie is slegs moontlik vir deelgenote van die Nuwe Verbond waar elkeen die Torah van Yeshua met die hulp van die kragtige werking van die Afgesonderde Gees volg en toepas!

Daarom moet ons 'n onderskeid maak tussen die Torah van Moses en die Torah van Yeshua – wat ons ook die Torah van die Melgisédekorde kan noem. Hierdie onderskeid word deur talle bevraagteken, veroordeel en verwerp, veral deur diegene wat sommige van die Skrifte van die nuwe verbond bevraagteken, veral die brief aan die Hebreërs. Enige gesprekvoering met diegene wat hierdie sienswyse het, is egter nutteloos, want hulle is verblind deur Rabbynse Judaïsme.

Maar diegene wat glo dat die Skrifte van die nuwe verbond, net soos dié van die ou verbond, deur YHVH se Gees geïnspireer is, sal besef dat daar 'n verskil is in die Torah van Moses en die Torah van Yeshua hoewel beide steeds die Torah van YHVH is. Dit is veral die brief aan die Hebreërs wat die verandering in die priesterorde, offerandes en dienswerk duidelik uistpel. Die priesterorde van die Nuwe Verbond is volgens die orde van Melgisédek, want die Levitiese priesterorde en gepaardgaande offerandes het met die folterdood en opstanding van Yeshua tot 'n einde gekom!

Maar ek wil elkeen ook daaraan herinner dat Yeshua self 'veranderinge' aan Moses se Torah gemaak het, soos byvoorbeeld ten opsigte van wat as egbreek beskou word, naamlik dit is nou nie net die fisiese daad nie, maar egbreek is ook as jy net na 'n vrou kyk en haar begeer (Matt. 5:28)! So het Yeshua ook 'n 'uitgebreide' definisie van naasteliefde vir ons gegee (Matt. 5:43 tot 47). Onthou dat YHVH is die alleen Wetgewer en Hy kan veranderinge aan Sy Torah en volgens Sy Raadsplan aanbring!

Soos voorheen genoem, word ons gekritiseer omrede ons onderskeid maak tussen die Torah van Moses en die Torah van Yeshua. En tog sien ons dat Paulus wel hierdie hierdie onderskeid in 1 Kor. 9:21 maak:

*Vir die wat nie **die geskrewe wet** het nie, soos een wat nie **die geskrewe wet** het nie terwyl ek nie vir **God sonder die wet is nie**, maar in **die wet van Die Gesalfde Een** sodat ek ook die wat sonder **die geskrewe wet** is, kan wen.*

Ons kan dit ook soos volg skryf:

*Vir die wat nie Torah het nie, soos een wat nie Torah het nie terwyl ek nie sonder die Torah van God is nie, **maar in die Torah van Die Gesalfde Een** sodat ek ook die wat sonder die Torah is, kan wen.*

Hiervolgens is dit duidelik dat Paulus hom onderwerp het aan die Torah van Yeshua, Die Gesalfde Een, en dit is om geregtigheid te doen! Hierdie beginsel het hy toegepas en uitgeleef

in die teenwoordigheid van die wat die Torah van Moses onderhou het, asook in die teenwoordigheid van die wat nie die Torah van Moses onderhou het nie!

Ons leef in die dispensasie waar daar net een Torah vir almal is, naamlik die Torah van YHVH soos dit in Yeshua vervul is (Matt. 5:17) en in die nuwe verbond deur die Afgesonderde Gees openbaar gemaak is. Daar is egter nie weggedoen met die Torah van Moses nie, hoewel Paulus in 2 Kor. 3:5 tot 18 verduidelik dat die heerlijkheid van die Torah van Moses nou oortref word deur die heerlijkheid van die Torah van Yeshua. Die Torah van Moses is steeds die basis waar sekere kernwaarhede aan ons verduidelik word, maar die fokus het van die fisiese na die geestelike toepassing daarvan verskuif. Die fokus het van die Torah van Moses na die Torah van Yeshua verskuif en die Afgesonderde Gees leer ons wat ons steeds fisies moet doen en watter van die fisiese doen van die Torah van Moses, soos byvoorbeeld die tempel met die Levitiese priesterorde en offerandes, uitgedien is!

Ons gids is nie meer die Torah van Moses nie, maar die Afgesonderde Gees wat ons leer en herinner aan die Torah van Yeshua!

Ons is dienaars in 'n Hemelse Koninkryk wat deur Yeshua self aan die einde van die eeue hier op aarde gevestig en regeer sal word! Hierdie regering sal nie volgens die Torah van Moses wees nie, maar wel volgens die Torah van Yeshua (Melgisédek) van die nuwe verbond.

Rabbynse Judaïsme het weinig begrip hiervan en daarom is hulle fokus steeds op 'n fisiese Beloofde Land/Koninkryk, 'n fisiese Israel, 'n fisiese Torah van Moses, 'n fisiese tempel', 'n fisiese verlossing van hulle vyande en 'n fisiese uittog na die hedendaagse land van Israel. Dit is nie wat die Nuwe Verbond in Yeshua ons leer nie! Ons stryd en oorwinning is eerstens in die geestelike realm wat ons dan in die fisiese realm toepas en uitleef.

Paulus skryf in sy brief aan die Korinthiërs dat ons die gedagtes van Die Gesalfde een het en daarom kan ons die geestelike dinge met die geestelike vergelyk en ook dat die natuurlike mens nie die dinge van God aanneem nie, want dit is vir hom dwaasheid, want hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word (1 Kor. 2:14 tot 16). Onthou: Rabbynse Judaïsme het nie die gedagtes van Yeshua, Die Gesalfde Een, nie, en daarom verstaan hulle nie die geestelike realm van die Koninkryk van die Hemele nie!! Hulle fokus is steeds op die fisiese!!

Ons leef in die laaste dae en ons word gewaarsku dat ons nie mislei moet word nie. Ons moet nie toelaat dat 'n mens ons volgens sy eie kennis leer nie, maar ons moet vra dat die Afgesonderde Gees ons moet leer en lei om YHVH in Gees en waarheid te dien volgens die Torah van Yeshua soos dit vir ons in die Skrifte van Nuwe Verbond uiteengesit word.

Ons moet strewende om in die voetspore van die gemeente van Handeling en van die Apostels te stap as 'n koninklike priesterdom in die Karakter en Outoriteit van ons Melgisédek Hoofpriester. Yeshua, die Lewende Torah van die Nuwe Verbond, is die hart van die Vader!

Glo jy dit en is jy bereid om hierdie pad te stap?

Bepeins of Bespreek

1. Die apostels het nooit na die Fariseërs en skrifgeleerdes gegaan om uitsluiting oor enige saak te kry nie. Nee, soos duidelik blyk uit ondermeer Handeling hoofstuk 15 het die apostels, volgens die gesag wat Yeshua aan hulle gegee het, asook volgens die bedeling

van die nuwe verbond, self beslissing gemaak en dit uitgevoer. Is dit nie genoegsame bewys van die verandering van die Torah van Moses wat ingetree het nie?

Parashah 52: *Va'yelech* – En Moses Het Gegaan

Moshe het gegaan en hierdie woorde met die hele Yisra'el gedeel. Deut. 31:1

Torah : Deut. 31:1 tot 30

Haftorah: Jes. 55:6 tot 56:8

Nuwe Verbond: 2 Thess. 2:3, 10 tot 12; 1 Tim. 4:1; 2 Tim. 4:3 en 4; 2 Peter 2:1 tot 3; Hand. 7:51 tot 60; Rom. 8:31 en 37; Efes 6:10; Fil. 4:13; 1 Pet. 5:10; Fil. 1:1 tot 2:30

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 52 wat afgelaai kan word by: [Parashah52Notas14](#) en [Parashah52Notas15](#) en [Parashah52notas16](#)

Y'hoshua is die een wat voor julle sal oorgaan

Dit is יהוה, jou God, wat voor jou sal oorgaan; Hy sal hierdie nasies voor jou uit vernietig en jy sal hulle onteien. Y'hoshua is die een wat voor julle sal oorgaan, net soos יהוה gesê het.
Deut. 31:3.

Hierdie Torahskriflesing begin met Moses wat aan Israel sê: *Ek is vandag honderd-en-twintig jaar oud; ek is nie langer in staat om te kom of te gaan nie en יהוה het vir my gesê: 'Jy sal nie oor hierdie Yarden gaan nie.* Daarom het Moses die leierskap aan Josua (Y'hoshua) oorgedra (Deut. 31:2 en 3) onder wie se leierskap Israel oor die Jordaan sou trek om die Beloofde Land in besit te gaan neem.

Josua is 'n heenwysing na Yeshua onder wie se “leierskap” ons die Hemelse Koninkryk in besit moet neem! Hierdie is ook 'n sinnebeeld van die verandering wat in die Torah van Moses plaasgevind het.

Ons kan ook die volgende vergelyking tref: In die tyd van Yeshua op aarde was die Fariseërs die gesagsowerheid oor die Torah van Moses. Maar na Yeshua se folterdood en opstanding het Hy, as aangestelde Oppergesag oor YHWH se Torah, hierdie gesag van die Fariseërs beëindig en dit aan die apostels gegee. Daarom het Yeshua gesê:

Gaan na die hele wêreld en verkondig My goeie boodskap in die ganse skepping. Wie ook al vertrou en gedoop word, sal lewe, maar hy wat nie vertrou nie, is veroordeel. Mark. 16:15 en 16.

So is Moses se woorde aan sy opvolger, Josua, ook op ons van toepassing:

יהוה is die Een wat voor jou uitgaan; Hy sal by jou wees; Hy sal jou nie in die steek laat of jou verlaat nie. Moenie bang of ontmoedig wees nie. Deut. 31:8.

Want Yeshua se soortgelyke laaste woorde aan elkeen wat Hom sou “opvolg” – wat in Sy voetspore sou volg, was:

“Alle outoriteit in die hemel en op aarde is aan My gegee en soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle. Gaan daarvolgens, maak studentevolginge van al die nasies, doop hulle in die Outoriteit en Karakter van die Vader en die Seun en die Gees van Afsondering en

onderrig hulle sodat hulle alles sal gehoorsaam wat Ek julle beveel het en let op, Ek is saam met julle al die dae tot aan die einde van die heelal. Matt. 28:18 tot 20.

Soos Josua die opvolger van Moses was en sy werk voortgesit het, so moet ons die opvolgers (navolgers) van Yeshua wees en voortgaan om die Koninkryk van die Hemel in besit te neem! Onthou Yeshua se woorde!

Dit is 'n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: wie in My vertrou, die dade wat Ek gedoen het, sal hy ook doen en hy sal groter dade doen as dit omdat Ek na My Vader toe sal gaan. Joh. 14:12

Is Rabbynse Judaïsme Steeds YHVH Se Aangestelde Gesag?

Die debat oor YHVH se kalender duur voort en veroorsaak baie verwarring en verdeeldheid.

Die meerderheid in die Messiaanse Beweging volg egter die kalender van Rabbynse Judaïsme soos deur Rabbi Hillel II in die vierde eeu vasgestel was en waar die begin van 'n nuwe maand vooruit bereken word en die verskyning van die eerste sekelmaan in Israel nie meer in berekening gebring word nie. Die rede vir hierdie kalender was om verwarring tussen die Jode wat oor die wêreld versprei is uit te skakel en eenvormigheid te verseker wanneer die Vasgestelde Tye van YHVH gedenk moet word.

My bedoeling is nie hiermee om in die debat oor die verskillende kalenders betrokke te raak nie, maar om die siening van die meerderheid in die Messiaanse Beweging, naamlik dat Rabbynse Judaïsme deur YHVH aangestel is om die gesag oor die kalender te hê, te bespreek.

In die artikel van D. Thomas Lancaster: “Is The Jewish Calendar Wrong,”² en wat onlangs aan 'n groot groep in die Messiaanse Beweging gestuur is skryf hy ondermeer die volgende:

Until a Sanhedrin wielding civil and religious authority over all Israel convenes and alters the arrangement, the calendar of Rabbi Hillel II remains the official standard for determining new moons, biblical months, and the biblical festivals. No rabbi, leader, or group of leaders has the authority to alter what has been set in place by the leadership of Israel. Any persons who attempt to do so can be dismissed because they assume authority that does not belong to them.

Die skrywer grond sy oortuiging ondermeer op Deut. 17:8 tot 13 waar Moses sê dat indien die hoofde in die stede (poorte) 'n saak (soos moord) te swaar vind om te oordeel, dan moet die saak na die Leviëte, die priesters en die regter wat daar in dié dae sal wees geneem word vir 'n beslissing. Volgens die skrywer is dit steeds vandag van toepassing en daarom is dit die Joodse gesaghebbers wat die beslissing oor die kalender moet maak en aan wie ons almal ons moet onderwerp! En volgens Lancaster: ***No rabbi, leader, or group of leaders has the authority to alter what has been set in place by the leadership of Israel! Any persons who attempt to do so can be dismissed because they assume authority that does not belong to them.***

Maar my vraag is of die geestelike leiers van die fisiese Israel steeds die aangestelde gesag is oor die gelowiges van die nuwe verbond? Moet ons ons onderwerp aan Rabbynse Judaïsme –

² Hierdie artikel kan afgelaai word by <http://ffoz.org/discover/messianic-jewish-calendar/is-the-jewish-calendar-wrong.html>

die geestelike leierskap van die fisiese Israel wat Yeshua as Messias verwerp? Is dit wat die Skrifte van die nuwe verbond ons leer? Is dit die wil van die Vader?

My antwoord hierop is 'n besliste 'nee' op grond van die volgende:

YHVH is die Oppergesaghebber oor alles en almal en Hy het Sy outoriteit aan Yeshua gegee. Soos Yeshua self in Matt. 28:18 gesê het: *Alle outoriteit in die hemel en op aarde is aan My gegee.* Yeshua het dus die outoriteit oor Rabbynse Judaïsme, maar hulle het Hom verwerp! Daarom is die Koninkryk weggevat van die leierpriesters en die Fariseërs (hedendaagse Rabbynse Judaïsme) en daarmee ook hulle outoriteit.

42 Yeshua sê vir hulle: "Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: 'Die Steen wat die bouers verwerp het, dit het die Hoof Hoeksteen geword. Hy het van die Teenwoordigheid van יהוה gekom en is wonderbaar in ons oë?' 43 Deur dit sê Ek vir julle: 'Die Koninkryk van God sal van julle weggevat word en aan 'n volk gegee word wat vrugte sal dra 44 en wie ook al op hierdie Steen val, sal stukkend breek en elkeen op wie Hy val, dié sal tot poeier gemaal word'." 45 Toe die leierpriesters en die Fariseërs sy vergelykende stories hoor, het hulle geweet dat Hy teen hulle gepraat het 46 en hulle het probeer om Hom te vang, maar hulle was bang vir die skare omdat dié Hom as 'n profeet beskou het. Matt. 21:42 tot 46.

Volgens Yeshua se woorde in vers 43 is dit baie duidelik dat Rabbynse Judaïsme nie die Koninkryk van YHVH verteenwoordig nie en dat hulle geen outoriteit oor die gelowiges in Yeshua het nie!

Om Rabbynse Judaïsme as die aangestelde outoriteit van YHVH te beskou, is om jouself aan hulle wat Yeshua verwerp het, te onderwerp. Dan kan jy nie net jouself ten opsigte van die kalender aan hulle gesag onderwerp nie! Nee, dan moet jy jou ook onderwerp aan al hul leerstellings en besluite (beslissings) oor die toepassing van die Torah van Moses soos in die Talmud verklaar word! Dan sal jy ook jouself aan die gesag van Rabbynse Judaïsme moet onderwerp wanneer die derde tempel herbou word en die offerandes weer ingestel word en aan alles wat daarmee gepaardgaan soos in die Torah van Moses opgeskryf is! Is dit wat YHVH-God van jou en my verwag?

Elkeen moet kies: Jy onderwerp jou ten volle aan die outoriteit van Yeshua of ten volle aan die outoriteit van Rabbynse Judaïsme, want niemand kan twee meesters dien nie (Matt. 6:24) en elke huis wat teen homself verdeeld is, sal nie bly staan nie (Matt. 12:25)!! Hierdie is dus ook 'n keuse tussen lewe en dood, tussen die seën en die vloek. Dit is 'n keuse tussen die Levitiese priesterorde van die Torah van Moses of die Melgisédék priesterorde van die Torah van Yeshua!

Ek staan verstom dat diegene wat uit die misleidings van die Christendom gekom het, en besef het dat die Christenleiers van die verlede en hede nie blindelings gevolg kan word nie, nou bereid is om Rabbynse Judaïsme te volg asof daar geen misleiding in hulle leerstellings is nie. En daar is, net soos in die Christendom, misleidings van afgodery in Judaïsme soos byvoorbeeld Rosh HaShanah³, die Ster van Dawid, Talmud, Kabbalah en vele ander!⁴ Maar dit word 'aanvaar' terwille van sogenaamde eenheid met die huis van Juda! Waarom vier ons dan nie kersfees terwille van eenheid met die Christendom nie?

³ Die afgode oorsprong van Rosh HaShanah word in Parashah 50.4 bespreek wat afgelaai kan word by: [Parashah50Notas17](#)

⁴ Die misleiding wat ook deel van Rabbynse Judaïsme is, word in 'n studie bespreek wat afgelaai kan word by: [RabbynseJudaïsmeReeks](#)

want יהוה is ons Regter, יהוה is ons Wetgewer, יהוה is ons Koning; Hy sal ons red. Jes. 33:2

YHVH red ons deur Yeshua Messias aan wie Hy alle outoriteit gegee het. Rabbynse Judaïsme verwerp Yeshua as Redder en as YHVH se aangestelde outoriteit! Daarom moet ons as volgelinge van Yeshua die gesag van Rabbynse Judaïsme verwerp!

Bepeins of Bespreek

1. Wanneer die kalender van Rabbynse Judaïsme bevraagteken word, word 'n oproep gedoen om terwille van eenheid met die huis van Juda dit te laat vaar. Is eenheid met Judaïsme belangriker as die waarheid? Verwar ons nie eenheid met eenvormigheid nie? Nehemia Gordon skryf die volgende aangaande Unity versus Uniformity:

Many people call for "unity" but what they really mean is "uniformity". They claim unity is important to them, but reject everyone who doesn't agree with their understanding of Scripture. Unity can be achieved even when there is a lack of uniformity. This requires a certain degree of spiritual maturity and humility. It is only human that we get frustrated when others do not see things our way. But we must be humble before the Almighty and ask Him to lead us on our walk with Him. If those who walk alongside us in faith approach Yehovah with the same humility, then it is not for us to judge them. We should be united, not divided, by our love of our heavenly Father and desire to live by His Word.

Stem jy hiermee saam? Kan ons eenheid behou – eensgesind wees – ten spyte van verskille? Maar verskille kan so uiteenlopend word dat eenheid onmoontlik word! Kan ons in eenheid met Rabbynse Judaïsme loop. Waar moet die spreekwoordelike streep getrek word? Ons moet ook nie liefde vir medemens met eenheid verwar nie! Kan ons ons medemens liefhê sonder dat ons eensgesind is?

-O-O-O-O-O-O-O-O-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.